DEPARTEMENT VAN VERVOER. DEPARTMENT OF TRANSPORT.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

Telegrafiese Adres: / Telegraphic Address: „TRANSPORT".

Navrae / Enquiries: 36.

Telefoon / Telephone: 3-9111 Uitbr. / Ext. 5.

Verwysingsnommer: / Reference Number: SP/GROBBELAAR. J.W.

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence to be addressed to:

SEKRETARIS VAN VERVOER/SECRETARY FOR TRANSPORT.
Privaatsak/Private Bag 193,
Forumgebou/Forum Building,
H/v Bosman- en Strubenstraat,
Cor. of Bosman and Struben Streets,
Pretoria.

MNR. J.W. GROBBELAAR,
P/a DIE POSMEESTER-GENERAAL,
PRETORIA.

2-10-1967

Meneer,

AANSTELLING AS LID VAN DIE EKSPEDISIE NA ANTARKTIKA 1967/68/69

1. Dit is my aangenaam om u mee te deel dat u aansoek om aanstelling as ...RADIOTEGNIKUS... vir die duur van bogenoemde ekspedisie suksesvol was.

2. Die verskil tussen u huidige basiese salaris en die salaris wat aan bogemelde pos verbonde is (naamlik R. 600 .... per jaar), sal vanaf ...1/10/67.......... as 'n nie-pensioendraende toelae aan u betaal word.

3. Bo en behalwe salaris en enige ander nie-pensioendraende toelae wat u tans mag ontvang, sal daar ook 'n ontberingstoelae van R800 per jaar aan u betaalbaar wees met ingang van die datum waarop die skip, waarmee die ekspedisie reis, die laaste beskaafde hawe in die Republiek verlaat en tot en met die datum waarop u weer in 'n beskaafde hawe aankom.

4. Dit word van u verlang om 'n skriftelike onderneming in verband met u werksaamhede as lid van die ekspedisie te gee en u word derhalwe versoek om die aangehegte vorm sonder versuim in teenwoordigheid van 'n getuie te onderteken en aan hierdie kantoor terug te besorg.

5. Die Departement behou hom die reg voor om hierdie aanstelling summier te beëindig ingeval u nie die bepalings daarvan nakom nie, of ingeval u u skuldig maak aan wangedrag soos omskryf in Artikel 17 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), soos gewysig, met dien verstande egter dat die Departement bevoeg is om, voordat hy sy regte kragtens hierdie paragraaf

uitoefen, u van u pos, salaris en toelaes (as daar is), te skors ten einde ondersoek na sodanige wangedrag in te stel, maar niks hierin vervat, verhinder die Departement om na sodanige ondersoek u dienste met ingang van die datum van sodanige skorsing as beëindig te verklaar nie. Wanneer u dienste soos hierbo bepaal, beëindig word, sal u aanspreeklik gehou word vir u losies en inwoning vanaf die datum waarop u dienste beëindig word tot u terugkeer in Suid-Afrika teen 'n tarief van 60c per dag vir rantsoene plus R6.00 per maand vir inwoning.

6. Geliewe in oorlegpleging met die POSMEESTER-GENERAAL .... reëlings te tref om op 1 ~~NOVEMBER~~ OKTOBER 1967 .... by kamer T.436, Forumgebou, h/v Bosman- en Struebenstraat vir diens aan te meld.

Die uwe,

Seymore.

SEKRETARIS VAN VERVOER

AMPTELIK—OFFICIAL

D.S. U.10

Gebruik van hierdie omslag om posgeld te ontduik, is strafbaar met R100 boete.

Penalty for private use to avoid payment of postage R100.

PRETORIA 17.30 6 XI 1967 A

KOM VEILIG TU

GET HOME SAFELY

DEPARTEMENT VAN VERVOER 9 -10- 1967 PRETORIA DEPARTMENT OF TRANSPORT

POSTMASTER GENERAL

OFFICIAL
AMPTELIK
PRETORIA

POSMEESTER-GENERAAL

Vir aandag : Mnr. F.C.L.Loots.

Die Sekretaris van Vervoer,

Privaatsak 193,

PRETORIA.